Garage Band

AFRIKAANSE UITGAWE

Adam Alexander

Vertaal deur Tanya Bezuidenhout

Kopiereg © Adam Alexander 2020

Alle karakters en gebeure in hierdie publikasie, behalwe dié wat duidelik in die openbare domein is, is fiktief en enige ooreenkoms met regte persone, lewend of dood, is bloot toevallig.

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

ISBN
9780639912752

Imagin8 Bpk, Tortola, Britse Maagde-eilande
www.imagin8ltd.com
www.adam-alexander-author.com

Toewyding

Opgedra aan Annie
Vir ewig my inspirasie

Outeurserkenning

Baie dankie aan my span redakteurs – Annie (my Engel met ware vlerke), Colin (MadDad) van Rensburg, Ma, Pa, & Penny

Hoofstuk 1

Omsingel

Vier swart SUV's met flikkerende blou ligte het deur die strate van die industriële gebied gejaag, en papiere en los klippe in alle rigtings laat trek. Die voertuie het op die stowwerige sypaadjie buite die pakhuis geklim en lawaaierig tot stilstand gekom met stofwolke wat in die lug opwarrel. Onmiddelik het die deure oopgevlieg, en polisiemanne met swart wapenrusting het uitgespring en 'n geoefende formasie by die pakhuisdeur opgeneem.

Vanuit die bestuurderskant van die hoofvoertuig het Speurder Muller swaar op die grond geland. Hy het aangesluit by die bevelvoerder van die taakmag by die pakhuisdeur en geknik.

Muller het beduie aan die vier mans rondom die agterste ingang, en 'n paar minute gewag vir hulle om posisie in te neem. Daarna het hy die luidspreker na sy mond gelig.

Hul intel was akkuraat. Sy tegnikus het bevestig dat daar steeds beweging by hierdie ligging is. Wie ookal dreig om Sandton City

op te blaas, is steeds binne.

"Dis die polisie!" het hy luidkeels aangekondig. Die luidspreker het sy stem krakerig laat klink. "Julle is heeltemal omsingel. Kom uit met jul hande in die lug! Ek herhaal. Kom uit met jul hande in die lug!"

Lanthus Trilby het in stilte na Jason, die jong kuberkraker, gekyk. Daar was slegs twee ingange na die pakhuis. Jason se skerm het dowwe beelde van vier gewapende polisiemanne by die agterste ingang, en agt by die voorste ingang gewys.

Die dag was warm en windstil. Polisiemanne het stil soos standbeelde gestaan, wapens gereed, terwyl sweetdruppels op hul voorkoppe onder hul helms gevorm en teen hul wange afgerol het.

Muller het sy taakspanbevelvoerder die teken gegee. Die man het die tweede span per radio gekontak en die sein gegee. Saam het hulle die gebou bestorm.

Hoofstuk 2

Geskroef

3 maande vroeër

Lanthus het wakker geword met die klank van tekkies wat op en af loop op die houtvloere van die gang buite sy slaapkamer. Dit was Sondagoggend. Vadersdag. Hy het na sy horlosie gekyk, gevloek, en omgerol. Hy het sy oë toegemaak en weer aan die slaap begin raak toe die kamerdeur met 'n harde doef oopmaak.

Daar was stilte. Nie die trompetgeskal wat hy verwag het nie. Op Vadersdag laasjaar het die kinders vir hom ontbyt in die bed gebring – koue roereier en louwarm melkerige koffie. Terwyl hy oor die duvet loer, het hy 'n geslote kamerdeur gesien en geen glimlaggende gesigte nie. Geen Vadersdagkaartjies en geen geskenke nie. Die badkamerdeur het toegeklik en hy het Felicity daar binne besig gehoor.

Vir 'n paar minute het Lanthus Trilby in die warm bed rondgerol voordat hy vrede gemaak het met die feit dat niemand vir hom enigiets in die bed gaan bring nie. Hy het gesug, die duvet van hom afgegooi en twee kaalvoete op die koue vloer geplaas.

Hy het sy vaal groen kamerjas opgehang agter die kamerdeur

gevind en deurgesloof kombuis toe. Hy het dit reggekry om verby die woonkamer te stap sonder om deur Margaret of Thomas raakgesien te word, wat beide lui op die sitkamerbank gelê en staar het na die televisie soos tienerzombies in hul slaapklere. Lanthus het vir homself 'n koppie koffie ingegooi en by die ketel in die hoek van die kombuis gestaan met sy arms gevou.

"Gelukkige Vadersdag," het hy 'n heildronk op homself ingestel.

"O, daar is jy," het Felicity uitgeroep en lawaaierig die kombuis binnegeplons. Lanthus het die vibrasies wat haar aankoms aankondig gevoel lank voor hy die klank van haar skril stem gehoor het. "Onthou ma en pa en my broer en sy gesin kom vandag vir middagete oor. Ons beter regmaak. Ons moet nog 'n paar goedjies by die winkels gaan kry."

Die klank van die televisie het luidkeels kompeteer met die klank van sy vrou se stem. Lanthus het laat vaar van sy pogings om sy gedagtes in te skakel by die kras stemme vanaf die televisie om die ewe snydende klank van Felicity se geneul te vermy.

"O, ja," het hy geknik. "Almal kom oor vir middagete sodat ons herinner kan word dat...?" Hy het sy woorde opsetlik laat hang en gehoop dat sy sal besef hy is ook een van die vaders wat veronderstel was om die dag te vier met sy voete op die koffietafel, bier in hand en sport op die kassie.

"Ja, ja, vandag is Vadersdag," het sy toegegee en verby hom geskuif om by die ketel uit te kom. Sy het hom neerhalend op die skouer gevryf en hom 'n piksoentjie op die wang gegee.

Lanthus het sy lippe opmekaar gepers en geknik terwyl hy sy stygende woede met nog 'n strelende sluk koffie onderdruk.

Soms haat ek haar, het hy by homself gedink, hoewel hy haar nooit sal durf sê nie. Hy het visioene gekry van sy gesig wat deur Felicity ingeslaan word met 'n marmerkoekroller as hy dit ooit sou waag. Lanthus het sy vrou se xxx-groot agterstewe agternagestaar terwyl sy na die ontbyttafel oorwaggel, en besluit om eerder sy oggendkaffeïene in die veiligheid van die kombuishoek by die ketel af te sluk.

Na 'n beker warm oordenking het Lanthus teruggegaan boontoe en sy tande geborsel, en vir 'n oomblik stilgestaan om sy terugtredende haarlyn en strak gelaatstrekke te aanskou. Nege-en-dertig, het hy gedink. En nie juis 'n baie stralende nege-en-dertig nie. Die lewe het hom nie goed behandel nie, het hy gemymer, en as hierdie al was waaroor die lewe gegaan het, het hy gewonder hoekom hy nog die moeite doen om 'n ophef oor enigiets te maak. Hy het die lewe verder bepeins terwyl hy 'n denim en geel-en-groen geruite knopieshemp aantrek, en omgekyk na sy vrou se kant van die aantrekkamer. Felicity het haarself 'n hele klerekas groter geeët in net die laaste agt maande.

Sy gedagtes het na werk toe gedwaal, wat, hoewel banaal is, ook 'n plek is waar almal hom as ietwat van 'n wiskundige genie beskou het. Hy het ook geweet dat sy kollegas hom sien as 'n algehele sosiale mislukking. Hy kon nie onthou wanneer die laaste keer is wat hy na 'n bymekaarkoms buite kantoor-ure genooi is nie. En hier staan hy, besig om op Vadersdag aan te trek nadat hy homself wakkergemaak het, sy eie koffie gemaak het sonder eens 'n knik van erkenning van sy kinders af, en hy was oppad om 'n hele middagete vir die familie op te dis. Hoe het hy hiertoe ingestem? *O ja*, het hy homself herinner. *Omdat jy nooit 'n argument met Felicity wen nie.*

Hy het agtergekom dat hy die woorde stilletjies prewel terwyl hy sy skoenveters vasmaak, en Felicity se reaksie tot sy protes oor die idee van 'n Vadersdagbraai vir die familie in sy geheue opgeroep. *Jy weet ons kan nie bekostig om die hele familie uit te neem nie, en in elk geval, onthou die ramp laasjaar toe ons ure en ure by daardie visplek op Moedersdag moes wag? Arme Ma het amper beswyk aan dehidrasie en hongersnood,* het sy gesê.

Stilweg het Lanthus gewens dat dit eerder Felicity was wat van honger en dors gevrek het, maar as hy reg onthou het sy deeglik gebruik gemaak van die mandjies komplimentêre brood wat op haar aandrang verskeie kere hervul is tot hul koue, droë kos uiteindelik opgedaag het.

"Jip," het hy hardop gesê terwyl hy opstaan. "Ons wil nie hê dit

moet gebeur nie, wil ons?"

Wonderbaarlik het Margaret en Thomas hulself losgemaak van die sitkamerbank en vertikaal verkeer toe Lanthus weer in die kombuis verskyn. Nog meer skokkend was die feit dat nie een van die twee na mekaar gehap het nie. Felicity was gekleë in 'n nommertjie wat haar logge liggaamsvorm nie baie goed weggesteek het nie.

Vader help ons, het hy gedink voor hy hardop vra, "Is almal gereed?"

Die rit na die winkelsentrum was nog 'n 15-minute monoloog deur Felicity; Lanthus het heeltemal afgeskakel en sy gedagtes laat dwaal, aktuariële vraagstukke in sy kop omgemaal terwyl hy elke nou en dan knik en sê "Uh huh," sodat hy geïnteresseerd voorkom. Die kinders het die voordeel gehad dat hulle in hul oorfone kon verdwyn.

Hy het by Sandton City aangekom en deur die massiewe multi-vlak onderdakparkering gery, verskeie opritte geneem en uiteindelik 'n oop parkeerplek ver van die naaste ingang na die sentrum opgespoor.

Die stad van Sandton het die toekenning verwerf as die rykste vierkante myl op die Afrika-kontinent. Tagtig persent van die hele land se BBP spruit vanuit die klein landomringde provinsie van Gauteng, en 'n groot deel van die kommersiële swaargewigte is midde-in Sandton. Vanuit die middelpunt van die dorp rys Sandton City, 'n hoë gebou wat uit gedeeltelik kantoorspasie, gedeeltelik winkelsentrum bestaan en een van die oudste, mees gevestigde winkelkomplekse in die area is, en die gebou se twintig-verdieping kantoorblok bo-op verskeie verdiepings van die duurste kleinhandelspasie landswyd ten toon stel. En dit is waar Felicity aandring om op 'n Sondagoggend inkopies te doen.

Lanthus het die deur van sy silwer Toyota oopgemaak en gewag vir die res van die gesin om uit die voertuig te klim. Terwyl hy wag, bewonder hy die kar langs syne, 'n slanke swart BMW Cabriolet wat maklik meer as 'n miljoen Rand gekos het. Hy het die voertuig jaloers aangestaar voor die stilte onderbreek is deur

die gebabbel van sy vrou en die klank van skreeuende tekkies soos Margaret en Thomas lawaaierig na die veraf glasdeur loop terwyl hulle met mekaar stry.

Inkopies was 'n moeisame oefening in uithouvermoë waartydens hy sy vrou in die stampvol supermark met die trollie agternasit terwyl sy so vinnig soos 'n seekoei in water deur die gange beweeg het. So veel soos wat sy kan neul, kan sy ook koop, het Lanthus gedink. Hy het 'n boks van sy gunsteling koekies in die trollie laat val terwyl hy agter die warrelwind van Felicity op 'n missie aanbeweeg.

Hulle moet rêrig nie vrouens van haar grootte toelaat om noupassende klere te dra nie, het hy gedink. Dit is 'n misdaad teen die mensdom. Dit behoort nie nodig te wees vir mense om onderworpe te wees aan daardie tipe visuele teistering nie. Dit was erg genoeg dat hy moes verdra om haar nakend te sien, het hy gedink terwyl hy reeds verlang na Maandagoggend wanneer hy kan ontsnap na die saligheid van sy kantoor en al hierdie geharwar kan uitskakel.

'n Paar ure later het die silwer Toyota in die motorhuis van die Trilby's se voorstedelike huis getrek. Die huis is weggesteek agter die mure van die veiligheidskompleks wat eie is aan die Noordelike Voorstede. Misdaad word altyd oorweeg wanneer 'n mens huis koop. Dié wat die effens hoër maandelikse fooi kan bekostig, verkies om in veiligheidsbeheerde komplekse te woon wat self weer verskeie vlakke van weelde ten toon stel. Aan die onderpunt van die skaal is die eenvoudige tweeverdiepingkompleks, karakterloos, maar ten minste met 'n hoë muur en 'n 24-uur bemande sekuriteitsversperring by die ingang. Aan die bopunt van die skaal is weelderige landgoedere met massiewe erwe waar die eienaars huise volgens hul eie ontwerp kon bou. Dit bied gesetelde parke en tuine binne die hoë mure van die kompleks.

Die Trilby's se adres is een van dié wat nie karakterloos is nie, maar ook nie merkwaardig nie; dit val outomaties iewers in die middel van die twee ekstreme.

Die kinders het uit die kar geklim terwyl Felicity die kombuisdeur oopsluit en Lanthus verskeie kere op en af tussen die kombuis en die kar loop met plastieksakke propvol inkopies terwyl hy by homself murmereer. Hy het die woorde *tieners* en *Vadersdag* verskeie kere genoem, hoewel slegs hy kon hoor.

Die middag het beloof om 'n wolklose sonnige dag te wees. Beman met 'n sak houtskool, 'n braaitang en 'n bier het Lanthus Felicity in die kombuis agtergelaat terwyl hy buitentoe is om 'n braaivleisvuur aan te steek.

Lanthus het van die oggend se frustrasies op die sak houtskool uitgehaal. Hy het dit 'n paar keer in die rondte gedraai, gedreig met 'n lang braaivurk en daarna toegeslaan, en die sak 'n hele paar keer met die vurk gesteek. Lanthus die Verskriklike het sy wapen laat val en die dodelik gewonde sak aan die nek oopgeskeur. Die sterwende sak het 'n swart stofwolk uitgehoes voor dit meegegee het, en Lanthus die Oorwinnaar het 'n klein hoop houtskoolbrikette onder die rooster uitgegooi. Hy het twee vuurmakers bygevoeg en die brikette versigtig rondom dit herrangskik sodat dit twee hopies vorm wat soos miniatuur swart klippie-vulkane lyk.

Hy het gekyk hoe laat dit is, die vuur aangesteek en teruggestaan. Die reuk van brandende houtskool het die lug rondom hom gevul, en hy het dit verwelkom deur sy eerste bier vir die dag oop te maak. Die koue, verfrissende drankie het onmiddelik die oggend se irritasie weggewas, en sy onverdraagsaamheidsmeter stadig na nul laat terugsak.

Kort voor lank is die lug gevul met die reuk van die braaivleisvuur. Die kinders het hulself uit die woonkamer verwyder en nou lui op die tuinmeubels tuisgemaak, verlore in hul selfone, terwyl Felicity in en uit die huis warrel met eetgerei, breekware en speserye. Lanthus het 'n diep vreedsame gevoel binne hom ervaar. Hoewel hulle nie daardie oggend van hom 'n groot ophef gemaak het nie, was hy omring deur sy gesin, en tog is dit die geheim tot geluk. Nie om te begeer wat jy nie kan kry nie, maar om tevrede te wees met dít wat jy het. Hy het gekyk hoe

Felicity se groot agterstewe terugwaggel na die kombuis toe en verskeie kere weer die gedeelte van "gelukkig wees met wat jy het" probeer herbewoord. Tussen die rook, die bier en die braaivleisvuur kon hy homself oorreed dat hy gelukkig is om langs die vuur te staan met 'n bier in sy hand en om sy gesin by hom te hê op Vadersdag, maar hy het daarna eerder sy oë op die gloeiende kole probeer hou.

Teen die tyd wat die gaste opgedaag het, het die reuk van gemarineerde beesvleis, ribbetjies en hoender wat op die vuur braai, hulle by die voordeur ontmoet selfs voor Felicity hulle kon welkom heet met haar skril, oorverdowende giggel.

Die gesprek aan tafel was 'n koorsagtige uitruil van woorde soos almal behalwe Lanthus kompeteer het vir die aandag van almal anders. Felicity se pa het aan die hoof van die tafel oorkant Lanthus gesit. Hy was 'n groot man, wat intimiderend voorkom selfs nader aan sy middel sewentigerjare. Steve se bos sout-en-peperhare is in 'n kantpaadjie gekam bo 'n bosagtige grys snor en 'n rooi neus wat goed gewoond is aan die reuk van brandewyn. Aan sy regterkant het Marge, Felicity se ma, gesit en oor die tafel heen met die kleinkinders gesels. Aan Steve se linkerkant was Arthur, Felicity se ouer broer, 'n irriterend goed versorgde en stilweg suksesvolle man wat die ouderdom van 40 grasieus nader, met die bou van 'n atleet en nog al sy hare. Een van die redes waarom Lanthus hom so verpes het, is omdat hy niks aan die man kan vind om te verpes nie. Hy was aantreklik, intelligent, nederig, besorgd en 'n liefdevolle man aan 'n pragtige vrou, wat statig langs hom gesit het met haar hand sagkens op haar man se knie. Tussen die volwassenes se intelligente gesprek aan die een punt van die tafel en die hoof van die huishouding aan die ander punt, was die chaos wat deur die vyf kinders, onder wie Margaret (vernoem na Ouma Marge) en Thomas (vernoem na niemand spesifieks nie), en 'n leë sitplek het vir Felicity oorgebly wie heeltyd op en af tussen die kombuis en die tafel hardloop, ongeag haar vele ure van voorbereiding.

Lanthus het die raserige spektakel bekyk asof hy 'n program op

televisie kyk. Die ritueel van rondom die tafel bymekaarkom om 'n maaltyd te deel het, vreemd genoeg, vir hom alle aanloklikheid verloor na die warmte wat hy vroeër gevoel het. Hy het homself gevang waar hy Arthur met 'n gevoel van afguns dophou. Sy swaer was glad nie méér intelligent as hy nie, maar die twee van hulle kon nie méér uiteenlopend wees nie. Arthur se gesin was pragtig. Lanthus se gesin was alledaags. Arthur was bemind. Lanthus was geïgnoreer. Arthur se vrou was mooi. Lanthus had vir Felicity. Hoe het als so skeefgeloop, het Lanthus gewonder. Hy het wakkergeskrik uit sy reis na die ondergrondse grotte van sy gedagtes toe hy, amper met 'n skuldgevoel, die stem van sy vrou herken toe sy 'n heildronk instel vir al die pa's aan tafel. Steve en Arthur het hul glase gelig en hom vanaf die anderkant van die tafel gesalueer. Lanthus het dieselfde gedoen, en gekrenk gevoel oor die sitplekrangskikking en die feit dat hy afgeskuif is na die posisie van sjef en kinderoppasser op dít wat sý afdag moes wees.

Tot op daardie stadium was die hele situasie redelik uithoubaar. Doodgewoon, vervelig, maar uithoubaar. Toe loop alles skeef vir die Trilby's. Wel, vir Lanthus in elk geval.

"Tjeers," het Steve in sy diep stem herhaal. Sy aksent het de kenmerklike ru-heid van die Suide gehad, 'n grofheid aan die "r", en 'n gewoonte om die woord in twee afsonderlike lettergrepe te halveer. Arthur se heildronk was stil, en vergesel van 'n warm glimlag.

"Tjeers," Het Lanthus teruggeglimlag.

"Gelukkige Vadersdag," het die nefie en niggie soos 'n koor gesê, uit hul stoele opgestaan en rondom die tafel gehardloop om vir Arthur en oupa Steve groot drukkies te gee.

"Gelukkige Vadersdag," het Thomas gegrom, en hy en Margaret het 'n groot vertoning daarvan gemaak om aan hul pa 'n verpligte erkenning te gee. Die klein steek van afguns in Lanthus het gegroei.

"Gelukkige Vadersdag, pa," het Margaret gesê en oorgebuig om 'n warm drukkie om sy nek te gooi. Lanthus het haar op die wang gesoen wat sy na hom uitgehou het. Hy het gewonder of die

gebaar enigsins sou gebeur het as die hele familie nie daar was om dit te aanskou nie.

"Dankie, my kind," het hy gesê en 'n glimlag forseer, terwyl hy steeds die bittere verwyt van die verkwanselde geleentheid tot erkenning vanaf sy kinders daardie oggend gevoel het.

"Wat het jy gekry vir Vadersdag?" het Arthur gevra. Lanthus het geglimlag. Hy was oppad om te sê, "Fokôl, plus die werk om vir julle spul kos te maak," toe Felicity hom in die rede val.

"Aag stop dit, Arthur! Jy weet dit gaan nie oor die geskenke nie! Dis alles oor wat in die hart is."

Lanthus was oppad om in te voeg dat hy fokôl daarvan ook gehad het, toe Felicity vra, "Wat het jý vir Vadersdag gekry, Arthur?"

Arthur het warm geglimlag en afgekyk.

"Dit staan buite geparkeer," het Steve uitgeblaker. "Arthur het ons opgelaai en ons 'n rit in sy nuwe speelding gegee!"

"Julle móét dit sien," het klein Chelsea stralend gesê.

Taryn, Arthur se vrou, het geglimlag. "Ek moes die mans volg met Ma en al die kinders in die mamma-kar," het sy gesê.

"O rêrig?" het Felicity gesê met swak geveinsde blydskap en belangstelling. Lanthus kon agterkom hoeveel inspanning dit neem om haar mondhoeke te weerhou daarvan om te sak.

"Dith tho *cool*," het Gary, Arthur se jongste seun entoesiasties gejuig. "Die dak kom af en alleth!" het hy gesê deur die opening waar sy vermisde voortande hoort.

Lanthus kon nie minder omgee oor die speelding wat sy swaer vir homself gekoop het nie. Dit was sy vrou waaraan hy staan en dink het. Hy het geweet dit was slegs 'n kwessie van tyd voor sy dit invryf, hoe haar broer en sy vrou sportmotors koop, en wat het hy in die lewe bereik? Lanthus het op sy tande gekners, bevrees oor wat Felicity se volgende woorde sou wees. Die stilte wat gevolg het, was die onheilspellende stilte voor die verwoestende warrelwind.

Sy het agter Lanthus gestaan met haar hande op sy skouers, sprakeloos vir 'n oomblik. Voordat sy 'n woord kon sê, het

Lanthus beide sy hande op die tafel geslaan.

"Dis wonderlik, Arthur, wel gedaan, jy!" Hy het agtertoe gedraai na Felicity wat oor hom gestaan het. "Kom ons gaan kyk!"

Arthur het skaam geglimlag. Hy het geweet Lanthus leef binne sy vuurmaakplek, en sy leefstyl was, wel, alledaags, oor die algemeen. Steeds het hy baie ongemaklik gevoel oor die afguns wat sy nuwe cabriolet sou ontlok.

"Wel?" het Lanthus geglimlag, "Gaan ons kyk of gaan ons nie kyk nie?"

Die groep het die onwillige Arthur deur die huis en by die voordeur uit gevolg, tot die groot opwinding van die kinders en die smeulende jaloesie wat Felicity onsuksesvol probeer verberg het. Sy het agternageloop deur die deurmekaar voorportaal, en amper die losstaande jashaak omgestamp soos sy ywerige kinders probeer ontwyk het terwyl sy haar ouer broer met gemengde gevoelens betrag. Gedeeltelik met jaloesie, omdat sy die lewe wat hy lei, begeer, al wou sy dit nie erken nie, en gedeeltelik met trots, omdat sy dit selfs deur haar jaloesie geniet het om by haar vriendinne te spog met haar suksesvolle ouer broer. Vandag was een van daardie dae wat haar jaloesie en afguns alle ander gevoelens vir hom oorskadu het.

Die slanke swart cabriolet was op die sypaadjie, wat Felicity self geplant en versorg het, geparkeer. Die pragtige rangskikkings van kleurvolle blomme was totaal en al oorskadu deur die sportmotor wat soos 'n swart luiperd in die sonskyn gestaan het. Die dak was afgeslaan, en die daklose masjien het gevra om bewonder te word. En beny te word.

"Wow," het Lanthus opgemerk. "Dis 'n pragtige masjien!"

"Ja," het Felicity haarself forseer om te praat sonder enige buiging in haar stem wat haar gemengde gevoelens sou verraai. "Wat 'n pragtige kar."

"Sleep soos 'n monster," het Steve in die rede geval. Arthur het geknik en afgekyk, deeglik bewus van die dinamika aan die gang tussen sy jonger suster en haar man, hoewel hulle geen tekens daarvan laat blyk het nie.

"Moes jou 'n klein fortuin uit die sak gejaag het," het Felicity gedruk. Lanthus het sy oë toegemaak en diep asemgehaal.

"Ek is seker dit het, my liefie," het Lanthus ingetreë en 'n beteuelende hand op haar skouer geplaas. Voor Arthur kon reageer, het hy vinnig bygevoeg, "As dit nie duur was nie, sou ons almal een ry, en afgesien daarvan is ek seker dit het niks met ons te doen nie."

Na baie opgewondenheid en hoe-ha vanaf die kinders wat die kar van binne en buite uit elke moontlike hoek beskou, en Lanthus wat voorgee dat hy nie sopas vir Thomas die woorde *panty dropper* hoor uiter het nie, het die familie teruggeloop deur die voordeur en weer uit na die Trilby's se tuin. Om een of ander rede was die geselskap tydens die deel van middagete ná die besoek aan die nuwe kar nie so aanhoudend of lewenslustig as die gesprekke voor die ekspedisie na die voortuin nie, en dit was asof die geleentheid aangesloer het.

Daarna het 'n uitgerekte nagereg van piesangs gevolg wat Lanthus op die braaier verbruin het en met roomys en lemoenlikeur bedien het, asook koffie wat Lanthus gewens het Felicity nie aangedring het om aan te bied nie, en uiteindelik kon die huisbaas verlig al die familie totsiens handskud en soengroet en terugkeer na die kalmte van sy tuiste.

Hy het swaar op die rusbank neergesak, sy skoene afgeskop en sy voete op die koffietafel laat rus, gereik na die afstandbeheerder en oorgeskakel na die voetbal op televisie. Vir 'n oomblik het hy 'n sug uitgelaat, tevrede om weer sy eie spasie terug te hê, maar dit was van korte duur toe Felicity 'n koppie tee raserig op die tafel voor Lanthus neerplaas. Hy het die rusbankkussing voel ruk en hom'n paar duim in die lug oplig voor hy weer stadig laat sak is soos die groot vrou in die sitplek langs hom neersak en die rusbank hoorbaar kreun.

"Wel, dit was 'n lieflike middag, was dit nie?" het sy aangekondig. Lanthus was nie seker of daar 'n vraag in versteek was wat hy moes antwoord nie, dus het hy net iets vaagwegs gemompel wat eintlik enigiets kon beteken. Felicity het gepraat

terwyl sy deur haar foon loer; Lanthus het probeer om sy aandag weer by die voetbal te bepaal maar is herhaaldelik onderbreek deur Felicity se stem.

"Dis 'n oulike kar wat Arthur vir homself gekry het, né?" het sy gesê, sonder om eens haar jaloesie te probeer verbloem.

"Jip," het Lanthus gesê.

"Baie beter as ons kar."

"Jip," het Lanthus gesê. Manchester United het sopas die oorkant van die veld bereik, en dit het gelyk of hulle oppad was om 'n punt aan te teken.

"Hoekom kan ons nie so een kry nie?"

"Weet jy hoeveel kos daardie goed?" het hy haar oopmond gevra. "Dis nagenoeg 'n miljoen Rand."

"O," het Felicity afgehaal gesê.

"En dan is daar die instandhoudingskostes. En die versekering. Het jy enige idee hoeveel die versekering op daardie goed kos? Jy....." Lanthus het gesoek na die woord omdat hy nooit voor enigiemand gevloek het nie. "Jy *gooi* geld in die drein af."

"Onse eie Warren Buffet," het Felicity gemompel toe sy terugkeer na haar foon om te sien wat haar vriendinne alles aanvang. Daar was stilte terwyl sy haar eie sosiale tydskrif op Facebook lees terwyl Lanthus probeer het om weer op die wedstryd te fokus. Op een of ander manier het hy dit misgeloop toe sy span 'n punt aangeteken het, sowel as die ander span se punt, wat die telling gelykop gebring het en toevallig ook die enigste twee punte van die hele wedstryd was.

"Hmh," het Felicity opgemerk terwyl sy deur die foto's op haar foon loer. Lanthus het probeer om nie te vra nie, maar hy kon homself nie help nie.

Hy het probeer weerstaan so lank hy kon, maar na die derde *Hmh* sê hy toe "Wat is dit?"

"Charlotte Myers, my ou skoolvriendin."

"Die een wat onlangs getrou het?" het Lanthus gevra.

"Ja, die een wat met die multi-miljoenêr getrou het." Sy het die laaste deel stadig, amper droomverlore, gesê. Lanthus het haar

suspisieus dopgehou. Hulle het hierdie gesprek al hoeveel keer vantevore gehad. Die een waar Felicity aangaan oor hoe sy wens sy kon die wêreld platreis en impliseer dat sy nie gelukkig is met haar lot in die lewe nie, en iewers by dit alles ingesluit was Lanthus.

"Wat van haar?" het hy gevra, hoewel hy reeds geweet het wat Felicity gaan sê. Dalk het hy genoeg gehad daarvan om al heeldag op sy tong te byt. Die laatmiddagson het 'n goue lig deur die vensters van die woonkamer geskyn en hulle in 'n ryk oranje skakering omhul.

"Sy is in Bali, besig om foto's van haarself te plaas waar sy by een of ander eksotiese tempel staan." Haar stemtoon was nie suiwer beskrywend nie.

"Sy's bevoorreg," het Lanthus so terloops opgemerk. As Felicity dit daar gelaat het, sou sy lewe dalk nooit verander het nie. Of dalk sou dit, maar nie so dramaties soos die gebeure wat op daardie spesifieke namiddag gevolg het nie.

"Laas maand was sy in Griekeland," het Felicity aangegaan. Daar was daardie stemtoon alweer. Die stemtoon wat sê *hoekom kon dit nie ons wees nie,* en Lanthus het onmiddelik verstyf.

"Hmh," het Lanthus gesê, en sy irritasie het hom onmiddelik oorweldig.

"En die maand voor dit was hulle in Praag."

Lanthus het omgedraai en haar dreigend aangegluur, maar sy het nie gestop nie.

"Hoekom kan ons nie ook sulke plekke besoek nie?" het sy verwytend gevra.

"Gaan ons rêrig nou weer hierdie gesprek hê? Nóú? Na die Vadersdag wat jy my gegee het?" het hy gegrom. Binne hom het sy drukmeter kookpunt bereik en deur die bopunt van die denkbeeldige omhulsel in sy binneste gestoom.

Felicity was geaffronteer deur die opmerking. "Wát? Wat noem jy hierdie?" het sy beduie na die tafel buitekant, steeds belaai met souse en speserye, glase, koppies en poedingborde.

"Daai?" het Lanthus verontwaardig gestamel. "Daardie was

báie harde werk." Hy het opgestaan en na haar afgegluur. Felicity het haar massiewe gedaante lomp opgelig en sentimeters weg van hom gestaan.

"Dit was vir jou! Vir Vadersdag!" het sy teruggesnou, en in trane uitgebars soos Lanthus al soveel kere vantevore moes aanskou.

"Aag moenie nou begin nie!" het hy gewaarsku. "Jy het daardie vir Steve en Arthur gedoen, nie vir my nie. Wat het die kinders my gegee vir Vadersdag?"

"Moenie hulle hierby betrek nie," het Felicity gesnuifel. Haar poging om op haar man se gevoel te speel en 'n einde aan die konfrontasie te maak, het nie gewerk nie.

Lanthus se kakebeen het gesak. Vir 'n oomblik het hy daar oopmond gestaan. "Dit gaan *alles* oor hulle," het hy gesê. "Hulle is oud genoeg om saam met jou te gaan inkopies doen, is hulle nie? Gee hulle kontant en los hulle om iets op hul eie by die winkelsentrum te kry terwyl jy vir jouself 'n koppie tee kry. Is dit so moeilik? Of koop vir hulle 'n geskenk om vir my te gee. Doen iets om my vir een dag in die jaar te bederf. Ek werk heel week lank sodat ons 'n dak oor ons koppe kan hê en een keer 'n jaar as gesin op vakansie kan gaan."

Felicity het haar arms gevou en skuins na die plafon opgekyk. "Ja, *Durban* toe." Sy het die woord uitgespoeg asof dit 'n visgraat was wat in haar keel vasgesit het.

"Jy weet, dit was nog altyd die probleem met jou," het Lanthus gesê terwyl hy 'n vinger in haar borskas druk wat diep in haar plompe vel ingesak het. "Dis nooit goed genoeg nie. My kar is nie so luuks soos Arthur s'n nie. Die plekke waarheen ek kan bekostig om ons te neem, is nooit so eksoties soos die plekke wat jou vriendin....watsenaam se biljoenêr man haar neem nie."

Felicity het haar mond getuit en haar oë het vol trane gedam.

"Moenie die waterwerke aansit nie, Felicity, dit gaan nie werk nie. Nie hierdie keer nie. Ek is keelvol daarvoor om nie waardeer te word nie. As dit nie goed genoeg is vir jou nie, gaan trou met 'n biljoenêr. Hierdie is al wat ek het."

"Dis nie al wat jy het nie. Wat van al die geld wat ons gespaar het..."

Hy het haar afgesny, sy mond selfs wyer oop as die vorige keer.

"Is jy van jou trollie af?" het hy gesê, met sy kop wat vorentoe leun op sy nek. "Dis ons aftrede-besparing. Dink jy ek wil vir ewig werk soos ek nou werk?"

"Wel, dis jou ondergang, Lanthus." Sy het 'n vinger in sy borskas ingesteek en dit het onmiddelik been getref. "Jy maak dat jou hele gesin in armoede leef terwyl jy al hierdie *geld* opspaar." Sy het die woord *geld* tartend uitgedruk. "En hoeveel het ons al gespaar? Genoeg om op af te treë oor twintig jaar. Twintig jaar! Is dit hoe lank jy wil wag voor ons ook 'n bietjie lewe? Kyk na Arthur. Hy is nie so bekommerd oor wat twintig jaar van nou af gaan gebeur nie. Hy lewe nóú."

"Hy maak baie meer geld as ek, Felicity," het Lanthus protesteer.

"Wel, miskien is dit ook jou probleem. As jy nie so 'n wanaangepasde by die werk was nie, sou jy dalk al in beheer gewees het van jou afdeling in plaas van om in 'n agterkamer met 'n sakrekenaar te sit."

Lanthus het omgedraai en kombuis toe gestorm. "Wanaangepasde?" het hy uitgespoeg. Sy gesig was rooi, en sy oë ook. "Wanaangepasde?" het hy herhaal. "Ek sal nooit soos Arthur wees nie, Felicity. As jy wou hê ek moet soos Arthur wees, moes jy met hom getrou het, nie met my nie. Gelukkige Vadersdag. Ek gaan die res van hierdie patetiese verskoning van 'n geleentheid op my eie by die kroeg spandeer." Hy het sy karsleutels van die hakie af gegyp en die kombuisdeur op pad uit toegeklap terwyl hy skree, "En ek sit nie in 'n agterkamer nie, ek sit in 'n oopplan kantoor! Met 'n rekenaar! Nie 'n sakrekenaar nie!"

Felicity het die gedreun en ratel en kreun gehoor soos die motorhuisdeur lawaaierig opgeskuif het. Sy het gehoor hoe Lanthus die enjin hard laat omwentel voor hy uit die motorhuis en in die pad af jaag met skreeuende bande. Sy't die skerp geskree van bande op teer gehoor toe hy die eerste spoedhobbel tref, en toe

die geskraap soos die voorkant van die kar duik en die teerpad tref. Felicity het haar arms gevou en vir 'n oomblik briesend gestaan voordat sy na die drankkabinet gestorm het en vir haarself 'n dubbele vodka gegooi het.

Lanthus het by die Corner House aangekom, 'n plek wat hy amper nooit alleen besoek het nie. Hy was nog net 'n paar keer vantevore daar sedert hulle vyf jaar terug na die Noordelike Voorstede verhuis het. Dit was nie die tipe plek waar Felicity gemaklik gevoel het nie, presies die rede waarom hy die plek op hierdie oomblik gekies het. Die plek is op 'n hoek-erf gebou en was oorspronklik 'n onopvallende bed en ontbyt, maar is onlangs oorgekoop deur 'n jonger, meer visioenêre eienaar wat onmiddelik die respektabele en welaf hotelgaste uitgeskop en die hele onderneming omskep in 'n bymekaarkomplek vir die gemeenskap se deugniete. As jy by die Corner House was, was jy daar saam met jou skelmpie, óf jy was daar om een te kry. Watookal jou redes om die Corner House te besoek, wou jy gewoonlik *nie* in iemand vasloop wie jou ken nie.

Die lug buite was besig om donker te word, saam met die binnekant van die klein kamertjie wat as kroeg dien. Daar was 'n leë orkesverhoog aan een kant, en drie hout kroegbanke uitgepak teen een muur af. Die res van die plek het bestaan uit 'n enkele lang kroegtoonbank waar die meeste klante bymekaargekom het, en 'n verlate dansvloer voor die verlate orkesverhoog. 'n Ewe verlate boonste soldervlak het oor die onderste vloer uitgekyk.

Lanthus het na die anderkant van die leë vertrek gestap, baie selfbewus oor hoe uit plek hy was. Hy het vir homself 'n glas bier bestel, en vir 'n oomblik 'n gevoel van paniek ontwikkel dat hy dalk iets verkeerds sal sê vir die kroegdame, 'n jong vrou van negentien met helder rooi hare en gaatjies in haar bolip en linker-neusgat. Sy het sy bier op die toonbank neergeplak en sy geld met 'n knik geneem. 'n Man met tatoeërmerke oor beide sy arms het stilweg toegekyk. Lanthus Trilby het besluit hy neem eerder sy bier op na die solder, net in geval die man met die tatoeërmerke

dalk 'n reeksmoordenaar is.

Met sy drankie in sy hand en sy drukmeter steeds hoog in die rooi, het Lanthus die trappe buite die hoofgebou uitgeklim en een vlak boontoe weer ingegaan. Hy het in die gallery-agtige solder rondgeloop en afgekyk na die oop spasie onder, by 'n bankie ingeskuif en homself in sy gedagtes en sy bier begin verloor, wat nie te lank geneem het om leeg te drink nie. Lanthus het aan 'n kelner beduie, wie 'n groot vertoning gemaak het daarvan om homself van die muur af te verwyder waarteen hy geleun het, en nader te strompel om die bestelling te neem met 'n uitdrukkinglose gesig. Kort voor lank was Lanthus op sy vierde bier, en hoe nader 22:00 gekom het, hoe besiger het die Corner House geword.

"Gee jy om?" het Lanthus agter hom gehoor. Hy het omgedraai. 'n Tingerige man in 'n beige oorjas het beduie na die leë sitplekke by sy tafel.

"Huh?"

"Gee jy om as ek saam met jou sit?" het die man weer gevra. Toe hy rondkyk, sien Lanthus dat die drie leë stoele by sy tafel die enigste beskikbare sitplekke in die solder is. Sedert sy aankoms het die Corner House vol geraak met 'n orkes op die onderste vlak, en mense wat die dansvloer toestaan sowel as elke beskikbare vierkante duim van staan- en sitplek op beide vlakke okkupeer. Lanthus was verlore in sy gedagtewêreld en het glad nie die gedaanteverwisseling agtergekom nie.

"Ja, seker," het hy gesê. "Gaan voort."

Die man het by die sitplek oorkant hom ingeskuif, en die twee het die doenighede rondom hulle vir 'n ruk lank woordeloos aanskou. Lanthus het gekyk hoe sy nuwe swygsame metgesel sy kop na die maat van die musiek beweeg. Hy't gelyk soos die ou op die Van Rijn sigaretpakkies met skouerlengte bruin hare en 'n bruin snor. Die man het agtergekom Lanthus hou hom dop. Na 'n oomblik het hy 'n hand oor die tafel uitgesteek.

"Reyno," het hy gesê.

"Lanthus." Hulle het hande geskud. Die twee mans het vir 'n rukkie vir mekaar geknik, toe skud Reyno sy kop en beduie met sy

bier.

"Jy lyk nie asof jy gereeld hiernatoe kom nie," het hy na 'n rukkie gesê. Lanthus het ook sy kop geskud. "So wat is dit," het die nuwe kennis gevra terwyl hy na Lanthus se trouring kyk. "Gee die miesies jou probleme?"

Lanthus het geknik, sy vingers beweeg en met afkeer gekyk na die simbool van sy ellende aan die ringvinger van sy linkerhand. Wil jou nie verveel met die details nie," het hy gesê. So kwaad soos wat hy vir Felicity was, het hy rêrig nie gemaklik gevoel daarmee om sy hart teenoor 'n totale vreemdeling uit te stort nie.

"Wat drink jy?" het Reyno gevra.

Lanthus het afgekyk na sy glas. "Castle draft," het hy geantwoord. Reyno het verontwaardig geproes en die kelner oorgeroep. Lanthus kon nie hoor wat die man bestel het nie. Hulle het vir 'n rukkie in stilte na die maat van die musiek geknik, en die kelner het teruggekeer met 'n skinkbord vol shooters. Reyno het dit op die tafel begin uitpak.

"Wat's die?" het Lanthus gevra. Sy verbasing oor die hoeveelheid alkohol wat op die tafel uitgepak word het hom vinnig laat vergeet van enigiets waaroor hy homself moontlik bekommer het. Sy mees dringende besorgdheid was tans vir sy eie oorlewing.

"Dis wat ek noem die Corner House Buffet. Moenie vra nie, drink net," het Reyno geglimlag. Een vir een het hulle shooterglasies bymekaargesit, gelig, 'n heildronk op mekaar ingestel vir geen ander rede as dat hulle 'n tafel deel, en af is die shooters. Die laaste een was 'n Tequila. Toe Lanthus oorleun om die soutpot nader te trek, het Reyno hom gekeer. "Nie so nie," het hy geglimlag. Lanthus het gefrons. Hy't toegekyk hoe die skraal man sout op die agterkant van sy hand uitgooi. "Selfmoord-tequila", het Reyno aangekondig. Hy het een neusgat met 'n vinger toegedruk en die sout met die ander neusgat opgesnuif, die Tequila gedrink en die suurlemoensap in sy linkeroog gespuit.

"Is jy van jou sinne beroof?" het Lanthus gevra, totaal en al stomgeslaan. Reyno het geglimlag. "Waar de hel het jy geleer om

dit te doen?"

"Weermag," het Reyno eenvoudig geantwoord. Lanthus het sy kop geskud.

"Daar is geen manier dat ek dit doen nie," het die aktuaris oor die lawaai geskree. Hy het sy Tequila op die gewone manier gedrink. Lanthus het ses leë shooterglasies voor hom getel. Sewe as hy die grenadilla-koeldrank van die Suitcase bytel. Hy het nou heelwat minder opgewen gevoel as toe hy daar aangekom het. "Waar was jy in die weermag?" het Lanthus gevra.

"Potch," het Reyno geantwoord. Hy't gelyk na 'n man van min woorde. Lanthus het geknik.

"Infanterie?"

"Demolisie."

Lanthus se wenkbroue het verras gelig. "Lekker werk?"

Die skraal man het geknik. "Goed opgeblaas sonder om gearresteer te word," het hy gegrinnik. Die woorde was moeilik om te hoor bo die musiek. Beide mans het afgekyk na die beknopte dansvloer onder. Van hier af kon hulle alles sien. Die orkes het bestaan uit 'n kitaarspeler en dromspeler, wat beurte gemaak het om te sing. Die dansende skare het op al die regte plekke geskree. Elke keer wat die dromspeler sy stokke kundig in die lug gegooi het, het die skare luidkeels gejuig. 'n Mens kan nie beweeg daar onder nie, het Lanthus gedink, dankbaar om in die solder te wees, selfs al was dit saam met die Suicide-tequila Bomber.

"Hoekom is jy daar weg?" het Lanthus gevra. Reyno het vorentoe geleun en 'n hand agter sy oor gesit. "Die weermag. Hoekom is jy daar weg?"

Reyno het sy skouers opgetrek. Daar was 'n insident met hom, 'n ou wrak van 'n Bedford-trok en 'n kilogram C4 een lui Sondagmiddag wat sy senior offisiere nie so amusant gevind het soos hy dit op daardie stadium gevind het nie. "Meer geld in die privaatsektor," het hy geantwoord.

Lanthus het geknik. Op daardie spesifieke oomblik kon hy aan 'n dosyn dinge dink wat hy graag opgeblaas sou wou hê. Die meeste daarvan het op een of ander manier met Felicity verband

gehou. Een daarvan *was* Felicity. En Arthur se nuwe luukse swart cabriolet. Dit sal 'n einde maak aan haar konstante geneul in sy ore dat hy meer soos Arthur moet wees. Sy Toyota ook. Hy kan dit opblaas en van die versekering eis. 'n Opgradering kry. Dit sal tien teen een meer werd wees afgeskryf as wat hy sal kry daarvoor as hy dit verkoop.

"Wat?" het Reyno gevra toe hy die veraf uitdrukking op Lanthus se gesig opmerk.

"Ek dink maar net aan 'n paar dinge wat ek self graag sal wil opblaas," het hy geglimlag.

"Ja, almal sê dit," het die man bo-oor die musiek gelag. "Sê vir iemand jy's in demolisie en onmiddelik kom al hul geraamtes uit." Hy het met beide hande in die lug met groot bewegings beduie. "'n Meisie het eenkeer vir my gevra om haar eks op te blaas terwyl hy in die bed was met sy nuwe flerrie, en sy wou toekyk! Sy wou stukke van hom deur die lug sien vlieg. Fokken siek." Hulle het vir 'n paar oomblikke na mekaar gestaar, en toe trek Reyno sy oë op skrefies. "Moenie eers daaraan dink nie, tjom," het hy met 'n swaaiende vinger voor Lanthus se waterige oë gewaarsku. "As jy eers begin, kan jy nooit weer terugdraai nie."

"Wat bedoel jy?" het Lanthus gevra terwyl hy so skuldig lyk soos 'n skoolseun wat gevang is waar hy besig is om die skoolhoof se telefoongehoorstuk met KY-jelly te saboteer.

Reyno het vorentoe geleun. "Moenie eers daaraan begin dink om my te vra om goed vir jou op te blaas nie, want as jy eers begin, maak jy 'n deur oop wat jy nooit weer kan toemaak nie."

"Hoe het jy geweet ek was...

"Hulle lyk almal presies dieselfde as wat jy nou net gelyk het." As sy stoel 'n rugleuning gehad het, sou Reyno daarteen gelê het met sy arm arrogant oor die rugleuning geswaai. In stede daarvan het hy vorentoe gebuig gesit met sy elmboë op die tafel. "Ek ken daardie uitdrukking. Jy doen meer as net droom, man."

"Jy meen jy het hierdie al voorheen gedoen?" Lanthus het vorentoe geleun.

"Shhhh," Reyno het 'n vinger voor sy lippe gehou. Hy het regop

gesit en een keer trots geknik. Lanthus se oë het so wyd soos shooterglase gerek. Hy was sprakeloos. "So," het Reyno die onderwerp probeer verander. "Wat doen jy hier?"

"Die vrou," het Lanthus gesê sonder om twee keer na te dink, verras oor sy skielike verlies aan selfbeheersing. "Teef," het hy homself weer verras. Hy het Felicity nog nooit openlik gevloek nie, maar snaaks genoeg, hoewel sy tong verlam en swaar in sy mond gevoel het, het hy 'n behoefte gevoel om dit baie te gebruik. "Sê aanhoudend vir my ek is nie goed genoeg nie, jy weet?" Sy gesig het in pyn vertrek, en hy het onmiddelik na aan trane gevoel. "Sê sy's nie gelukkig daaroor dat ek nie so baie geld verdien soos haar broer nie, die stuk kak. Dit was vanaand se argument. So fok haar. Dis hoekom ek hier is. Fok haar!" Hy het beide hande op die tafel geklap, en gesoek na 'n drankie om 'n heildronk mee in te stel, maar daar was niks voor hulle nie. Daar was geen kelners in sig nie. "Kom ons gaan kry 'n dop," het hy voorgestel. Die twee mans het die tafel verlaat, wat vir 'n breukdeel van 'n sekonde leeg gestaan het voor 'n groep meisies hulself op die leë banke tuisgemaak het.

Lanthus Trilby het by die trappe afgestrompel, wat met die afklimslag baie steiler en meer wankelrig gevoel het as vroeër vanaand op pad boontoe. Reyno het by die trappe afgehuppel, onaangetas deur die Corner House Buffet. Hulle het hul pad deurgewurm na die kroegtoonbank met die oorverdowende musiek in hul ore, nog 'n rondte biere bestel en teruggekeer na die area buite die raserige dansvloer sodat hulle meer kon praat.

Met die musiek se doef-doef binne die gebou gedemp kon hulle gemakliker praat.

"So wat is dit dan met jou miesies?" het Reyno gevra. Lanthus het die hartseer storie van sy Vadersdag anti-klimaks oorvertel. Hy het geregverdig gevoel nadat hy sy storie met iemand gedeel het wat so aandagtig na hom geluister het. Reyno was 'n baie meer aandagtige gehoor as wat sy werkkollegas sou wees. Die man het deurgaans op hom gefokus, en gewag tot Lanthus klaar praat voordat hy advies lewer.

"Weet jy wat ek sê?" het Reyno aangekondig. "Fok hulle." Dit was al wat hy hoef te sê. Lanthus het geknik, en die twee het nog 'n heildronk gedrink om hul broederskap van min woorde te vier.

Na vele verdere biere het hulle nommers uitgeruil en Lanthus het uiteindelik aangekondig dat hy nou genoeg gehad het daarvan om kwaad te wees vir sy vrou, en dat hy huis toe gaan om in te kruip. Hy het beloof, op aandrang van sy nuwe vriend, om 'n lawaai te maak wanneer hy by die huis aankom, en in die slaapkamer dubbel soveel.

"Ek het jou nie eens gisteraand hoor inkom nie," het Felicity vroom gesê toe Lanthus die volgende oggend sy bloedbelope oë oopmaak.

"Hoe laat is dit?" het Lanthus gekreun.

"Half agt. Jy het deur jou alarm geslaap. Waar was jy gisteraand? Ek was bekommerd. Jy het nie eens jou foon geantwoord nie."

"Eina. My kop voel of dit met 'n graaf geslaan is."

"Dis jou eie skuld," het Felicity selfvoldaan gesê. "Dis jou verdiende loon omdat jy so weggestorm het. Jy vrot nog van die drank."

"Moet *jy* nie begin nie. Nie nou in die bui nie." het Lanthus gekreun terwyl hy styf aan die kussing vasklou.

Felicity was oppad om iets te sê maar het haarself bedink. Toe sy opstaan van waar sy op die hoek van die bed gesit het, het die bed, verlos van haar gewig, 'n paar sentimeter gelig. Sy het weggewaggel na die kombuis en Lanthus gelos om alleen met sy selfgeïnduseerde marteling te reken.

"Sy verdiende loon," het sy gemompel terwyl sy by die gang af ploeter en by die trappe af sukkel.

Lanthus het siek ingebel. Sy werkgewer sal sonder twyfel meer skade ly as hy in sy huidige toestand probeer risikofaktore bereken en waarskynlikhede assesseer as wanneer hy sy werk met een dag uitstel. Die kantoor gaan hom nie mis nie.

Hy het sy kop onder die kussing begrawe soos die veraf lawaai onder in die kombuis oploop na ’n hoogtepunt met die klap van die voordeur toe die laaste kind Felicity na haar kar gevolg het vir hul rit skool toe. Daarna weer die klap van die deur toe een van die kinders terugkeer om iets te gaan haal wat hulle vergeet het, en weer uitgaan. Die deur wat nog ’n keer klap met die herhaling van die vorige oefening om iets te gaan haal wat die ander kind vergeet het. Uiteindelik, verdoof deur die kussing wat styf oor sy ore getrek is, het hy die kar hoor aansluit en die geluid van die enjin wat by die straat af voortkruie. Die huis sou vir ten minste ’n uur stil wees tot sy terugkeer, behalwe as sy saam met van die ander ma’s stop vir koffie oorkant die pad van die skool, of by die winkel stop op pad terug huis toe. Nietemin, sy stiltetyd tuis was beperk, en hy was nie lus om in die huis vasgekeer te sit met Felicity wat aan die een kant vir sy aandag kompeteer en ’n kloppende hoofpyn aan die ander kant wat haar pogings tot aandag nietig sal verklaar nie. Hy het homself na ’n sittende posisie gerol en gewag tot sy omgewing in fokus kom, en vir die wanbalans in sy kop om te herstel soos sy brein aan die nuwe posisie gewoond geraak het.

“Eina,” het hy weer gesê toe hy by die badkamer instrompel en deur die badkamerkassie vroetel op soek na hoofpynpille. Hy het onmiddelik twee gesluk en dit weggewas met groot slukke water uit die kraan. Sy kop het geklop toe hy homself weer regop trek, en hy het gesweer om nie weer sulke ratse bewegings aan te durf tot die pyn verdoof het nie. Na ’n paar lang minute waartydens hy homself met aanstoot in die spieël aangegluur het, het Lanthus ’n naweekdenim en ou T-hemp aangetrek en die pynlike roete af kombuis toe aangedurf. Hy het ontbyt oorweeg, maar besluit om eerder na die naaste winkelsentrum te ry voor Felicity kon terugkeer om die stilte van sy folterende herstel te onderbreek.

Die rit was ’n groter uitdaging as wat Lanthus verwag het. Elke keer wat hy sy kop gedraai het, het die geklop erger geraak en hy moes sy hele bolyf draai om links of regs te kyk.

Hy het by dieselfde winkelsentrum gestop wat hy en sy gesin die vorige oggend besoek het, en binne sekondes ’n oop

parkeerplek by die onderdakparkering gevind. Al die mense wie se motors die parkeerarea Sondag volgestaan het, was nou by die werk en die plek was heeltemal leeg. Hy het stadig deur die winkelsetrum geloop en 'n tafel gekies by 'n koffiewinkel aan die binnekant, weg van die venster, weg van die lig, en weg van enige harde geluide. Hy het sy donkerbril aangehou.

Hy het die grootste, olierigste ontbyt op die spyskaart bestel, en in stilte in die bykans leë koffiewinkel geeët. Sy aktuariële brein het deur van sy onafgehandelde vraagstukke by die werk probeer ploeter, maar hy het dit baie moeilik gevind om 'n gedagtetrant vir enigiets langer as 'n paar sekondes te volhou voor die geklop van sy hoofpyn die operasie tot 'n stilstand gebring het en hy van voor af met sy hoofrekene moes begin.

Hy het probeer uitpluis of die nuwe model om voertuie te verseker suksesvol sou werk. Sy baas, Charles, het hom die opdrag gegee om die syfers vir Charles se nuwe idee te hardloop. Eastland Versekering, Lanthus se werkgewer, het 90% van die motorversekeringsindustrie op hul boeke gehad, maar die industrie was besig om venynig kompeterend te raak, en dit het nie gelyk asof besigheid enige tyd gou makliker gaan raak nie. Die maatskappy moes van hul personeel laat gaan om kostes te bespaar, en die risikomodel waaraan Lanthus gewerk het, was bedoel om meer inkomste te verseker. Natuurlik moes die hele ding totaal en al nuut wees, iets wat nog nooit tevore beleef is in die versekeringsbedryf nie, omdat slegs die mees uitheemse en vindingryke produkte die mark kan meesleur. Dit was Charles se werk. Om met die idees vorendag te kom. Lanthus se werk was om te keer dat Charles bankrot speel deur na die risikomodelle om te sien. Sommige versekeringsmaatskappye het begin om kontant terug te bied aan klante wat vir 'n sekere aantal jare geen eise indien nie. 'n Ander teenstander het hul motorversekering aan die bestuurder se selfoon gekoppel sodat hulle die klant se bestuurgewoontes in ware tyd kon evalueer en hul premies belaai wanneer dit blyk dat hulle roekelose of gevaarlike bestuurders verseker. Lanthus was steeds besig om die syfers en finansiële

modelle baie, baie stadig in sy kop om te maal toe sy ontbyt opdaag. Alles olierig, net soos dit op die spyskaart belowe het. Hy het sy gedagtes oor werk laat saamsmelt met die ryk en vertroostende geure van spek, warm roosterbrood en vuurwarm, stomende koffie.

Nadat hy 'n hele ruk lank vertoef het, het Lanthus homself uiteindelik uit sy sitplek gelig en deur die inkopiesentrum gewandel, terwyl hy doelloos deur winkelvensters gestaar het met sy hande in sy sakke. Sy kop was steeds dof, en dit het gevoel asof alles om hom stadiger as normaalweg beweeg. Toe hy deur die glasvensters van 'n klerewinkel tuur, het hy beweging agter hom gesien en die kelnerin van die restaurant herken. Hy het vriendelik vir haar geglimlag, maar sy glimlag het ontaard in 'n ongemaklike skewe grinnik toe hy die klein swart leeromslag sien wat sy in sy rigting waai. Lanthus was so in gedagte met die geklop in sy kop dat hy die restaurant verlaat het sonder om te betaal, en die uitdrukking op die kelnerin se gesig het onder andere gesê, *daar is geen manier wat ek jou rekening gaan betaal nie, knaap*. Lanthus het die briesende vrou laat gaan met 'n weeldige fooitjie en haar agternagekyk toe sy terugstorm werk toe.

Voor hy teruggekeer het huis toe, het hy in die onderdakparkering 'n sigaret teen die enjinkap van sy kar staan en rook. Met werk wat weer sy gedagtes binnedring, het hy gewonder presies hoeveel van die karre wat die multi-vlak parkade op 'n naweek volgestaan het, deur Eastland verseker is, en presies hoeveel geld hulle gemaak het uit mense se vrees aan verlies. Die hele versekeringsindustrie is 'n dobbelspul, het hy staan en dink. Elke maand wed mense geld sonder dat hulle besef. Dieselfde mense wat sweer dat hulle nooit by 'n dobbelplek sal instap en geld in 'n muntmasjien gooi nie, het getrou gedobbel. Elke maand sal hulle die versekeringsmaatskappye wed dat hulle sal doodgaan, of hul karre afskryf, of hul huise in 'n brand verloor, en die versekeringsmaatskappye het gewed dat dit níé sal gebeur nie. En behalwe as 'n grootskaalse ramp soos 'n orkaan of tsunami homself voordoen, het die versekeringsmaatskappye gewen. Hy

het sy sigaret uitgedoof en teruggekeer huis toe.

Toe Lanthus die Dinsdag terugkeer werk toe, het hy verdrietig gelieg oor sy skielike gastro-aanval die dag vantevore, terwyl hy sy hand oortuigend oor sy maag hou. Sy lessenaar was een van vele lessenaars in een van vele rye in die oopplan kantoor. Hy het sy skootrekenaar oopgemaak en vir homself 'n koppie koffie in die klein kombuisie gaan maak terwyl die rekenaar aanskakel. Rondom hom was mense wie se name hy geken het maar van wie hy baie min geweet het.

"Môre," het Arnold Steenkamp vrolik gesê toe hy die kombuis binnekom. Hy het rondom Lanthus gestrek om sy beker uit die oog-hoogte kas te haal, en teruggekeer na die filterkoffiemasjien om vir homself 'n koppie in te gooi sonder om sy beurt af te wag. Hy het 'n hemp aangehad met helder, diep blou en wit strepe, en sy kenmerklike tandepasta-advertensie glimlag. Sy hare was perfek gekam, sy gelaat die perfekte kleur na vele gemaklike ure in die son, en hy het selfvertroue uitgestraal. Hy was tog een van slegs vier kandidate in lyn vir bevordering na Streeksbestuurder van Verkope in Gauteng.

"Môre," het Lanthus kortweg gesê. Daar was stilte terwyl hy gewag het vir die aanplakglimlag om sy koffie klaar te skink. Met 'n klink het Arnold Steenkamp die pot op die verwarmer bo-op die koffiemasjien teruggeplaas, met net genoeg in die pot vir minder as 'n halwe koppie. Steenkamp het by die kombuis uitgestap terwyl hy sy mantra vir die dag opsê.

"Ek lewe na willekeur, nie per toeval nie..." het die man met die aanplakglimlag en perfekte hare by homself geprewel toe hy Lanthus in die kombuis agterlaat, besig om te staar na die oorblyfsels wat Steenkamp vir hom oorgelos het in die glashouer.

Twintig minute later het Lanthus by sy lessenaar aangekom met 'n koppie stomende warm koffie, nadat hy met veel moeite die filtermasjien weer vol water gemaak het, 'n vars pak koffie oopgemaak en ingegooi het en tydsaam moes wag tot die vars

brousel die pot volmaak. Hy het by sy rekenaar gaan sit, sy brein verfris, gereed om die onbenydenswaardige taak van nuwe risikomodelle ontwerp, syfers deurwerk, en die een ding wat bitter min mense in sy kantoor eintlik verstaan maar waarop die geheel van Eastland se krimpende fortuin gebou is, analiseer – risiko en aktuariële wetenskappe.

Net toe hy 'n werksblad van kant tot kant propvol syfers op sy rekenaar oopmaak, verskyn 'n boodskap op sy skerm.

"Kom sien my wanneer jy 'n oomblik het."

Die boodskap was van Charles Wagner, Hoof Uitvoerende Beampte van Eastland, en Lanthus se direkte baas. Charles was nie die tipe persoon wat jy laat wag nie.

As Charles gesê het "kom sien my wanneer jy 'n oomblik het," het hy bedoel "kom sien my wanneer *ek* 'n oomblik het," en dit het oor die algemeen beteken "onmiddelik". Lanthus het verlangend gekyk na die werksblad wat hy oopgemaak het, voor hy sy koffie saam met hom na Charles se kantoor geneem het.

"Klop, klop," het hy gesê toe hy by die deurkosyn kom. Slegs mense wie se titels begin het met Hoof en geëindig het met Beampte het kantore met deure gehad.

"Lanthus, kom in," het Charles gesê en uit sy sitplek opgestaan. Hy het om sy lessenaar geloop om Lanthus se hand te skud. "Hoe voel jy vandag?" het hy gevra. Lanthus was verras deur Charles se onkenmerklike belangstelling in sy gesondheid. Hy het gewonder of die man dalk deur sy vrou oor die naweek kerk toe gesleep is.

"Beter," het hy geglimlag. "Het baie swak gevoel gister. Gastro," het hy gejok.

Charles het geknik. "Bly jy voel beter," het hy vir 'n millisekonde geglimlag en Lanthus na 'n stoel voor sy lessenaar beduie. Charles het in die leë sitplek langs hom gaan sit. Dit was beslis vreemd. Charles het nooit agter sy lessenaar uitgekom behalwe om iemand te komplimenteer nie, wat skaars was, of...

"Ek is bevrees ek het onaangename nuus om aan jou mee te deel," het Charles begin.

...of oppad was om slegte nuus te deel, het Lanthus gedink. Duidelik was hierdie nie om te komplimenteer nie.

"Ons is genader deur een van ons kleiner mededingers, Richmond."

Lanthus het geknik. Richmond was een van die kleiner, meer gefokusde teenstanders wat die afgelope drie jaar uitgestyg het, en baie vinnig besig was 'n om sterker naam in die industrie te word, 'n ware bedreiging.

"Wel, om 'n lang storie kort te maak," het Charles aangegaan, "ons oorweeg dit om met hulle saam te smelt. Hulle het massiewe sukses behaal om 'n gedeelte van die mark vas te lê wat ons tot dusver nie kon lok nie, en hulle doen dit verbasend goed."

"Ja?" het Lanthus geknik. Hy kon nie sien hoe hierdie hom raak nie.

"Hulle het 'n klompie skerp aktuariële breine, en baie gesofistikeerde sagteware wat hulle in staat stel om hul risikomodelle vinniger uit te lê as..." Charles het 'n hand in Lanthus se rigting gewys en dit toe terug in sy skoot gesit. "Wel, as enige mens."

'n Koue en ongemaklike gevoel het oor Lanthus gedaal. Daar was 'n stilte waartydens sy gedagtes teruggetrek het soos een van daardie tonele in 'n rillerprent waar die agtergrond lyk asof dit agter die hoofkarakter verleng reg voordat hy deur 'n zombie geëet word. Hy het sy kop skuins gedraai.

"Wel," het Charles weer begin, "wat hierdie beteken is dat, as ons voortgaan met die ooreenkoms, en dis 'n baie groot *as*, want Richmond is 'n baie klein maatskappy in vergelyking met ons, en ons oorweeg slegs die ooreenkoms, ons het nog niks geteken nie – *as* die ooreenkoms voortgaan, besit ons hul aktuariële breine, en al hul berekeningsmodelle."

Lanthus kon slegs aan een van twee rigtings dink waarheen hierdie gesprek kon lei. Een was waar hy aan die hoof van al Eastland en Richmond se syferkoppe geplaas word, en een waar hy uitgedien word. In die lig van die onlangse afleggings wat Eastland gemaak het, het hy nie veel hoop gehad dat hy hoof van

die nuwe departement gemaak sal word nie. Inteendeel, hulle was besig om baie vinnig te sink. Die manier waarop hy na Charles se kantoor geroep is vir 'n informele bespreking. Dit het glad nie goed gelyk nie.

"Sê jy dat ek oorbodig gemaak gaan word?" het hy onderbreek. Lanthus was nie bekend vir sy interpersoonlike vaardighede nie.

Charles het die woorde gesluk wat hy oppad was om te sê voordat hy onderbreek is. "Ja, Lanthus," het hy somber geknik. "Ek is bevrees dat, as ons hierdie ooreenkoms aangaan, ons 'n surplus aktuarisse sal hê, en hierdie ouens het 'n sukses gemaak van..."

"Jy gaan die nuwe mense hou en dié aflê wat al soveel jare deel is van Eastland?" het Lanthus verontwaardig gevra terwyl hy opstaan. Charles het ook opgestaan en Lanthus met beide hande probeer paai, vir die man probeer beduie om te kalmeer.

"Lanthus," het Charles probeer redeneer. "Kom nou, man. Jy't 'n goeie lopie hier gehad." Hy't 'n hand op Lanthus se skouer geplaas. "Hierdie spannetjie is jonk, ambisieus, en hulle ken hierdie mark. Kom ons wees eerlik, ons was nie baie suksesvol om die onder 30's te teiken nie, en hulle het dit reeds in 'n stabiele pakket."

"Wie se skuld is dit?" het Lanthus gevra.

"Wat bedoel jy?" het Charles geskerm.

"Dis nie my skuld dat Eastland nie by die onder 30's mark kon inkom nie."

"Lanthus, jy was die een wat aan die risikomodelle gewerk het," het Charles vingerwysend gesê.

"Ja, aan die risikomodelle wat *jy* my gesê het om te analiseer. Moet my nie die nekslag toedien vir jou onbevoegdheid nie." Lanthus het begin emosioneel raak. Sy stem het baie effens gebewe.

Charles se gesig het rooi geword. "Moet my nie onbevoeg noem nie," het Charles gesê terwyl hy 'n vinger na Lanthus wys. "Jou werk is om die syfers te hardloop."

"Ek hardloop die syfers vir die vrae wat *jy* my vra om te

beantwoord. Jý is die een wat al die verkeerde vrae vra." Lanthus se stem het 'n oktaaf gestyg. Hy het aangesig-tot-aangesig konflik glad nie goed hanteer nie.

"Kom ons neem net 'n vyf minute blaaskans voor ons iets doen wat ons berou," het Charles kalm gewaarsku.

"Wat bedoel jy *ons*? Jy plaas reeds my loopbaan op die kerfplank, en dit lyk asof jy my onvermoë om 'n nuwe mark vas te lê as verskoning gebruik. *Hulle het dit reeds in 'n stabiele pakket*," het Lanthus Charles se lofprysinge van die skerp jong sterre van Richmond na-aap. "Maar dis nie my werk om met die nuwe produkte vorendag te kom nie, ek is slegs veronderstel om jou te sê watter risiko's verbonde is aan dié waarmee jý opkom." Hy't 'n vinger in Charles se borskas gesteek. "Nie dat jy in elk geval ooit na enige van my idees geluister het nie."

"Ek sou nie dít doen nie," het Charles gewaarsku en afgekyk na sy borskas, toe na Lanthus.

Lanthus was woedend. Sewentien jaar se diens by Eastland het by 'n afgrond gestaan, en nie net het hy niks verkeerd gedoen nie, hy was op die punt om vervang te word deur jonger, skerper individue. Hy het vererg, verneuk en verraai gevoel.

"En ná alles wat ek vir hierdie maatskappy gedoen het?" het Lanthus uitgeroep, op pad na die deur toe. "Na al die jare en toewyding wat ek hierdie maatskappy gegee het?" Hy het al by die deur gestaan, en almal binne hoorafstand het hom aangestaar. "En jy?" Lanthus se gesig was rooi, en sy bloedbelope oë het geglinster, op pad om van trane oor te loop. "Ek het jou alles gegee wat ek gehad het, Charles. Nie die maatskappy nie. Vir jou. En dis wat jy aan my doen na al my jare van diens en lojaliteit?"

Charles het diep asemgehaal. Sy gesig, soos Lanthus s'n, rooi, omraam deur sy kort gesnyde bruin golwende hare en vol baard. Hy het niks gesê nie.

"Wel, laat weet jy my maar as ek dan moet terugkom werk toe, want ek gaan jou nie nog 'n minuut van my tyd gee as jy van plan is om my te vervang nie." Lanthus het gewag. Hy het gewag vir Charles om te sê dat alles okay sal wees, dat Charles vir hom sal

veg. Dat hy sal seker maak dat Lanthus se lojaliteit en jare van diens iets beteken. Maar al wat hy gesê het, is "Moenie terugkom nie, Lanthus."

Daar was 'n doodse stilte in die kantoor.

Angela, Charles se persoonlike assistent, het jammerlik na Lanthus opgekyk toe hy verby haar lessenaar loop. Arnold Steenkamp, die tandepasta-advertensie, het die hele spektakel van 'n paar meter weg af aanskou. Lanthus het sy beker in die man se hand gestop en koffie oraloor sy gestyfde hemp gemors.

"Nee man!" het Arnold hom berispe en afgekyk na die donker vlekke op sy klere.

"Moenie bekommer daaroor om die koffiemasjien vol te maak nie, poephol!" het Lanthus gesê sonder om terug te kyk. "Lewe *daai* een na willekeur, jou breinlose idioot!"

Steenkamp het oopmond na Lanthus gestaar terwyl Lanthus na sy lessenaar gestorm het waar hy sy karsleutels gegryp het en alles anders vir Charles en die skerp jong sterre van Richmond gelos het om uit te pluis.

Arnold Steenkamp het rondgekyk. Die hele kantoor het gestaan en verstom gestaar. Sommiges het in sy rigting gegiggel.

"Ek lewe na willekeur, nie per toeval nie," het hy in sy kop herhaal. Sy mantra vir die dag. Arnold Steenkamp het die kantoor verlaat om 'n skoon hemp te kry.

Lanthus se gesig was spierwit waar hy buite in die oop parkeerarea gestaan het. Die son het geskyn en daar was nie 'n wolkie in die lug nie. Bewend het hy 'n pakkie sigarette uitgehaal en 'n hele klomp na mekaar gerook terwyl hy teen die kardeur leun en die hitte op hom voel neerbrand. Wat het ooit van lojaliteit geword? Na die jare van toewyding en diens wat hy Eastland sonder 'n enkele klagte gegee het. Hy het sonder ophou gewerk, lang ure, én naweke wanneer Charles hom gevra het, sonder om beswaar te maak. Hy was deel van die ouer garde, díé aan wie lojaliteit nog saakgemaak het. Die jonger generasie het geen waarde aan lojaliteit geheg nie. Teen die ouderdom van 30 het die

meeste van hulle al 8 of 10 werke gehad, waar Lanthus steeds vir dieselfde maatskappy sou gewerk het. Die toekoms behoort aan die jonger generasie. Die *skuinsstrepies*, word hulle genoem. Lojaliteit beteken vir hulle niks. Hulle definieër hulself ook nie volgens slegs een werkstitel nie. Hulle neem verskillende werke terselfdertyd aan om hul leefstyle te pas. 'n Meisie in haar twintigerjare sal haarself 'n webontwerper skuinsstreep koekversierder skuinsstreep kinderoppasser noem. En hy was op die punt om deur 'n hele klomp van hulle vervang te word. Die lojale aktuaris het sy sigaret op die teerpad uitgedoof en die leë sigaretboksie bo-op die klein hopie stompies wat hy die afgelope halfuur onder sy skoen uitgedoof het, laat val. Lanthus het in sy silwer Toyota geklim.

Op pad uit die parkeerarea het hy verby Charles se kar gery. 'n Glinsterende Jaguar coupé. Spoggerig. Duur. *Bliksemse poephol,* het Lanthus gedink. *Ek het help betaal daarvoor.* Charles het sy posisie as hoof van die maatskappy behou grootliks te danke aan die intelligensie en insig wat Lanthus na die tafel gebring het. As dit nie vir Lanthus was nie, sou Charles Eastland na die mark laat gaan het met allerhande hoë-risiko produkte wat die maatskappy bankrot sou laat. Dit was Lanthus wat die maatskappy op verskeie geleenthede gered het. Hy was soveel deel van hierdie maatskappy se sukses soos die Hoof Uitvoerende Beampte, en hy het die hitte gevoel van al die emosies wat deur sy menswees storm. Hy het oorweeg om sy Toyota se sleutels oor die Jaguar se bakwerk te skuur, maar daar was kameras in die parkeerarea, en in elk geval het hy nog nooit enigiets in sy lewe opsetlik beskadig nie. In plaas daarvan het hy eerder gemik na sy nuwe plek van vertroosting en herberg.

Die Corner House het bedags totaal en al anders vertoon. Die swaaiende lywe was weg. Al wat oorgebly het, is 'n stil plekkie, donker en leeg aan die binnekant met net een kroegman, 'n paar houtbank-en-tafel kombinasies buitekant en 'n enkele pizza-sjef wat 'n pizzabasis lui staan en uitrol. Lanthus het vir homself 'n

gaskoeldrank bestel en verplig gevoel om 'n pizza te bestel sodat die sjef kan besig bly. Hy het sitplek ingeneem op die boonste dek onder die skadu van 'n geel sambreel en gekyk hoe die verkeer op die pad voor hom verbybeweeg. Karre het in 'n nimmereindigende stroom oos en wes beweeg. En toe het die bose gedagte wat die koers van sy lewe verander het, hom bygeval.

"Reyno?" het Lanthus in die foon ingepraat.

"Wie's die?" het die stem kortaf laat hoor.

"Dis ek, Lanthus. Van die Corner House nou die aand."

"Ken jou nie," het Reyno hom afgesny.

"Onthou jy nie? Die Corner House Buffet. En die Selfmoord-tequila?" het Lanthus gepleit.

"O ja. Jy. Ja. Wat's aan die gang?" Sy houding het eensklaps verander.

"Ek wou met jou praat. Oor die werk wat jy doen," het Lanthus geheimsinnig gesê. "Ek wil...jy weet...*iets* gedoen hê."

"Ek het vir jou gesê, ek wil nie daai roete verken nie." het Reyno huiwerig gewaarsku.

"Niemand kry seer nie," het Lanthus hom verseker. "Ek wil net 'n boodskap stuur. Niemand sal eers rêrig daaronder ly nie. Ek wil net lawaai maak en 'n paar mense afpis."

"Nie oor die foon nie. Waar is jy nou?"

"Corner House," het Lanthus geantwoord.

"Wag vir my." Die foon het doodgegaan.

Terwyl hy vir Reyno gewag het en sy pizza verorber het, het Lanthus gedink oor wat hy gehad het om te wys vir sy jare van onvermoeide diens aan Eastland. Hy sal twee maande se uittreëloon kry, plus een week se salaris vir elke jaar van diens. Plus dalk 'n goue handdruk, maar meer soos lood as goud, gegewe die feit dat Eastland kostes sny en geleidelik van mense ontslae raak. Sy pensioen moet teen dié tyd al iets werd wees, het hy gedink, maar hy was steeds sestien jaar weg van aftreë-ouderdom af, dus het die meeste van die groei wat hy benodig om heeltemal te kan aftreë, nog nie gebeur nie. Hy het dalk 'n paar honderd

duisend Rand gehad, wat nie genoeg sal wees om mee af te treë nie. Charles het hom basies sopas uit 'n toekoms uit geskroef. Die arbeidshowe sou sy kant neem indien hy besluit om Eastland se uitbetalingsooreenkoms af te wys, maar ongeag die uitkoms, selfs as hy dit regkry om 'n paar ekstra maande se salaris by die pakket te voeg, sal hy steeds na werk moet soek, en dit raak moeiliker en moeiliker om homself in 'n nuwe pos in te verkoop.

Hy't homself verbeel hoe Charles se glinsterende Jaguar in 'n miljoen stukkies opblaas.

"Jy wil hê ek moet 'n *kar* opblaas?" het Reyno minagtend gesê, toe hy twintig minute later aan sy bier sit en teug en sy kop in gedagte knik.

Lanthus het geknik. "Yip. 'n Bietjie terugbetaling vir wat hulle aan my gedoen het." Hy't vir Reyno die verloop van sy dag vertel kort na die tingerige man daar opgedaag het, en gewag tot hy 'n bier in sy hand het voor hy hom vertel het wat hy beplan.

Reyno het sy kop van kant na kant geswaai terwyl hy die hoofrekene gedoen het van alles wat nodig sal wees om die takie afgehandel te kry.

"Waar?"

"Eastland hoofkantoor," het Lanthus gesê. "Hy parkeer in die opelug parkeerarea. Die sekuriteit is nie baie streng nie. Jy moet by die sekuriteitsversperring inteken, maar jy kan 'n vals naam gebruik. Hulle kyk nie eens jou ID of enigiets nie. Jy kan maak asof jy 'n nutsman of voertuiginspeksie-agent is – hulle kom heeldag en aldag daar aan. Dra 'n keps om te verhoed dat jou gesig deur die kameras gevang word. Skuif jou bom onder sy kar in. Kom daar weg en laat dit deur afstandbeheer ontplof."

"Wat van seker maak niemand kry per ongeluk seer nie?" het hy gevra.

"Charles parkeer elke dag op dieselfde plek. Dis in 'n hoek, weg van die hoof ontvangsdeure. Die mense wat naby hom parkeer is altyd vroeg by die werk, en ry eers 18:00. Hulle kom nooit voor donker uit die kantoor nie, en niemand kom heeldag naby hul

karre nie. Hulle is so voorspelbaar."

Reyno het nog 'n rukkie gedink.

"Dit gaan tien duisend Rand kos," het hy gesê.

Lanthus het geknik. Hy het toegang gehad tot sommige van sy beleggings en spaargeld, en dit sal 'n karige prys wees om te betaal om te kan sê *so long and thanks for all the fish,* een van sy gunsteling sêgoed van een van sy gunsteling outeurs.

"Kan gedoen word," het hy bevestig.

"Ek het een week nodig," het Reyno gesê. "Om voorraad te kry. Kan jy vanaand kontant bring?"

Lanthus het 'n oomblik gedink. Hy sou hierdie van Felicity moes wegsteek. En van die soekligte af indien hy 'n verdagte word na die bomontploffing. Hy sal kontant in klein sarsies moet trek om 'n papierroete te verhoed. Omdat hy in die *risiko*-gedeelte van versekering gewerk het, het hy van tyd tot tyd met forensiese ondersoeke te doen gehad, en is ingelaat op sommige van die vrae wat tydens ondersoeke gevra word. Dit was altyd die klein dingetjies wat mense weggegee het. Soos byvoorbeeld groot kontantonttrekkings, as hierdie nie 'n gereelde patroon was nie, of kontantonttrekkings van OTM's in areas wat hy nie gereeld besoek het nie.

"Dalk teen vanaand," het hy ingestem. "Ek sal jou bel as ek..."

"Nee, moet my nie bel nie.. Ooit weer nie. Ons kan nie met mekaar oor die foon praat nie," Reyno het vorentoe geleun en gefluister. "Hulle sal kan naspoor wie jy gebel het. As ons nie weer praat nie, sal die polisie slegs kan bewys dat ons een aand hier ontmoet het, twee dae later middagete gehad het, en dis dit." Reyno het sy vingers in die lug geklap. Lanthus het die man se skerpsinnigheid en versigtigheid waardeer. Hoe meer versigtig hulle reg van die begin af is, hoe minder bewyse sal hulle agterlaat wat die polisie kan volg.

"Goeie idee," sê Lanthus. "Hoe kommunikeer ons?"

"Hotmail. Of Gmail. Enigiets anoniem."

"Ek verstaan."

"So kan jy die kontant vanaand kry sonder om aandag te trek?"

Lanthus het geknik. Hy het 'n idee gehad wat 'n besoek aan die plaaslike mini-winkelsentrum insluit, en daar was nog baie daglig oor.

"Sien jou agtuur weer hier? Dankie vir die dop. Sien jou later," het Reyno gesê. Hy het opgestaan en geloop. Lanthus het 'n paar minute later gevolg.

Lanthus het Felicity gehad om voor dankie te sê vir die metode wat hy gebruik het om tien duisend Rand kontant in die hande te kry sonder om die OTM te besoek.

Oor die laaste tien jaar het die alleenstaande, verafgeleë hoekwinkeltjie by 'n eensame vierrigting stopstraat op 'n stofpad kilometers uit die dorp uit ontplooi in 'n wydstrekkende winkelsentrum. Van niks meer as 'n slordige winkel langs die pad na 'n sentrum wat nou dosyne restaurante, winkels, apteke, klerewinkels en 'n groot supermark alles bymekaar het, en jaarliks vier miljoen paar voete trek.

Lanthus het aan een kant van die kompleks begin en stadig sy weg gebaan na die ander kant toe, terwyl hy sy trollie met klein aankope vanaf spesifieke winkels gevul het en uiteindelik deur die supermark self beweeg het. Na 'n uur het hy meer as tien duisend Rand op sy kredietkaart spandeer. Vir die eerste keer het hy 'n gevoel van bevrediging ervaar, en gedink dat hy uiteindelik dalk 'n klein bietjie begrip het vir die rede waarom Felicity so baie inkopies doen. Dit was die lekker kant van werk. Hy het sy hele lewe in die kantoor spandeer, en was gewoonlik verstandelik te uitgeput vir banale aktiwiteite soos inkopies. Felicity het die kredietkaarte beheer. Die idee van saamgesleep word vir inkopies het hom so opgewonde gekry soos 'n wortelkanaal sonder verdowing. Maar vandag se oefening was baie meer genotlik as wat hy gedink het dit sou wees. Om sy eie geld te kon spandeer het hom 'n glimlag gegee wat hy nie kon verduidelik nie. Om deel 2 van sy plan uit te voer, het hy 'n klein tydsverloop van 'n uur of twee nodig, wat hy spandeer het deur koerant te lees in een van die winkelsentrum se restaurante.

Toe die tyd aanbreek, het hy sy roete van die een kant van die winkelsentrum na die ander herhaal en dieselfde storie vertel by elke winkel waar hy voorheen gestop het, van hoe hy die verkeerde item gekoop het, en elke keer wat hy die oorspronklike strokie te voorskyn gebring het, was die winkelklerke meer as tevrede om vir Lanthus kontant te gee in ruil vir die onoopgemaakte items.

Hy het alles teruggegee behalwe een bottel Skotse whiskey waarvan hy nie kon afstand doen nie, en wat hom vierhonderd Rand laat kortskiet het van sy doelwit vir die ontmoeting met Reyno. Een vinnige besoekie aan die OTM en 'n klein onttrekking oppad terug kar toe het hom met genoeg kontant gelaat om Reyno se vakkundigheid te koop sonder om 'n verdagte spoor te los. Briljant, het hy gedink.

Terwyl hy die bottel whiskey versigtig in die kattebak plaas, het hy staan en stadig oor die parkeerarea tuur. Die einde van die dag het nader gekom, en die parkeerarea was vol. Honderde voertuie het langs mekaar geparkeer gestaan.

Iets het aan Lanthus gekarring toe hy die kar aansluit en terugkeer Corner House toe. Nege uit elke tien voertuie waarop sy oog geval het, se versekering was by Eastland.

Hy het Felicity op pad na sy rendezvous geskakel en gesê hy moet laat werk. Dit was nie ongewoon nie. Hy het dit al verskeie kere vantevore gedoen, maar hierdie was die eerste keer dat dit 'n leuen was.

Lanthus het ongeveer twee ure voor die afgespreekte tyd by die ontmoetingsplek aangekom, sy gedagtes besig om syfers en waarskynlikhede te prosesseer en aan't ontwikkel aan wat hy gedink het die begin was van 'n vindingryke plan. Hy sou die nuus aan Reyno moes breek, maar hy was seker dat dít wat hy beplan het, meer as aanvaarbaar sou wees. Toe Reyno net na 20:00 opdaag, het Lanthus reeds verskeie servette met notas, syfers en hiërogliewe gevul waarvan Reyno nie kop of stert kon uitmaak nie.

"Nou wat is die?" het die seningrige man gevra toe hy oorkant

Lanthus gaan sit in die gallery waar hulle die eerste keer ontmoet het.

"Jy's laat," sê Lanthus toe hy opkyk.

"Ja, wel, ek haat dit om voorspelbaar te wees," het Reyno geantwoord. "Drink ons of het jy weer poefter doppe met oefenwiele bestel?" het hy gesmaal en na die glas soda op die tafel gewys.

"Ek beteuel myself," het Lanthus gesê. "En in elk geval, ek dink ons moet helder van verstand wees vir wat ek jou nou gaan wys."

Reyno het 'n gesig getrek met 'n skewe glimlag.

"Helder van verstand waarvoor? Ek het al hierdie tipe ding gedoen. Ek kan dit in my slaap doen. 'n Kind kan dit in sy slaap doen."

"Dalk nie," het Lanthus gesê en opgekyk. "Die projek het sopas groter geword."

Reyno het sy kop skeef gedraai, soos n hond wat sopas 'n skerp getjank gehoor het.

Nadat hy sy bier afgesluk het, het Reyno sy glas versigtig op die tafel neergesit. Hy het geluister soos Lanthus die hooftrekke van 'n plan uitgelê het. 'n Vindingryke plan. En nou was dit sy beurt om te dink. Hy het vir 'n oomblik sit en peins.

"Ek dink definitief dit kan werk. Ons het 'n span nodig," het Reyno na 'n lang stilte gesê en 'n vinger in die lug gesteek. "'n Kuberkraker, tegnologie, 'n paar vervoerwaens, en 'n paar miniekke." Hy het sy duim teen sy borskas gedruk. "Dit gaan baie meer as tien K kos, en dit gaan baie versigtige beplanning verg."

Lanthus het geknik. Hy het geweet dis moontlik, maar beslis nie maklik nie.

"Wanneer jy sê ons sal almal *'n klomp geld* maak, presies hoeveel dink jy? Rofweg?" het Reyno gevra.

"Ongeveer 'n miljoen Amerikaanse Dollar. Dalk meer. Elk."

Reyno het 'n lang fluit gegee.

Hoofstuk 3

Nuwe Vriende

Die lesing het sopas tot 'n einde gekom, en Jason het ingeval by die verstandelik poot-uit studente wat hul notaboeke, penne en handboeke terug in hul sakke laat val en hul sakke vermoeid oor hul skouers geswaai het soos ongewensde bagasie.

Die uitvoustoele het 'n raserige gerammel gemaak soos dit teruggeskiet het na die regop posisie terwyl mense na willekeur opstaan. Dis gevolg deur die klank van voete wat lui met die linoleumvloere langs na die gange aan weerskante sleep, waar moeë studente hulself by die lang toue voeg wat van agter by die twee deure aan die bopunt van die trappe strek. Die trappe het skuins opgestrek vanaf die lektor se podium aan die onderkant van die saal wat soos 'n amfiteater uitgelê is.

Jason het vir 'n baie fraai meisie geglimlag wat hom heeltemal ignoreer het en verby amper elke man geskuur het, wie maar te bly was om eenkant toe te staan en haar agterna te kyk terwyl sy verbybeweeg.

"Sexy, daai een," het Pike gesê.

"Dalk aan die buitekant," het Jason opgemerk. Pike het die welige haarsliert wat vanaf sy voorkop oor sy oë geval het, weggevee maar dit het onmiddelik weer teruggegly. Beide seuns het stadig met die trappe opgekruie.

"Wat het ons volgende?" het Pike gevra.

"Ekonomie."

"Ag dêmmit," het Pike gesê. "Haat ekonomie."

"Ek ook," het Jason saamgestem.

"Maar jy't soos negentig vir die laaste eksamen gekry," het Pike gemerk. Hy het nog onthou hoe gek van jaloesie hy gevoel het toe hy en sy vriend hul resultate ná die semestereksamen vergelyk het.

"Gelukskoot," het Jason gesê.

"Beswaarlik," het Pike gestry soos hulle om die hoek in die besige gang gestap het. Hulle het hul weg uit die gebou gebaan en in die helder sonlig in.

"Gaan jy aan. Ek dink ek gaan hierdie een uitsit," het Jason gesê. Hy was 'n volle kop langer as Pike en het na sy volle lengte gestrek terwyl hy die moegheid van die voorafgaande uur van Statistiek uitgaap.

"Rêrig?" Pike was sigbaar teleurgesteld. Hy het nie goed gemeng nie, en Jason was sy enigste ware maat by die universiteit. As dit nie was vir hul buitengewoon samepassende talent in alle tegnologiese aspekte nie, sou hulle nooit tydens oriëntasie met mekaar gepraat het nie, en Pike sou heeltemal alleen gewees het. "Wel, okay," het Pike gesê en weggedwaal oor die wyd uitgestrekte grasperke waarrondom die universiteitsgeboue gerangskik is soos sitplekke by 'n lang eetkamertafel. Jason het gewag tot sy vriend uit sig uit is voor hy weggespring het in die rigting van die Sentrale Blok waar die administratiewe kantore geleë is. Daartussen was die privaat kantoor van die geliefde Professor Saville, na wie se klas Pike oppad was en homself vir die volgende 60 minute sou bevind.

Met die horlosie nou op vyf minute verby die uurmerk het die meeste klasse al begin en die gange was leeg behalwe vir 'n student hier en daar wie se skedule hulle vir die volgende uur afgegee het,

of personeellede wat rustig na hul eie kantore terugkeer. Jason het seker gemaak dat die gang wat na die Prof se kantoor lei, leeg was voordat hy voorgegee het om aan die deur te klop. Terwyl hy gewag het vir ingeval enigiemand dalk sou verbyloop, het hy 'n kaart deur die magnetiese paneel aan die deurkosyn getrek, wat die klein liggie groen laat flits het. Hy het die deur oopgemaak en ongemerk in die Professor se kantoor ingeglip.

Die spasie was klein. Vir al hul akademiese aansien, is professors slegs respek betoon deur hul titels en die bewondering wat hul van hul studente af ervaar het, en beslis nie in die luuksheid van hul kantore nie. Die beknopte kamer het skaars die Prof se lessenaar, twee besoekersitplekke en 'n klein liaseerkabinet akkommodeer. Jason het oorgestap na die lessenaar waarop 'n skootrekenaar gestaan het, aan die tafel vasgesluit met n slot aan die punt van 'n deursigtige geel kabel.

Jason het vlugtig sy rugsak op die stoel laat val en sy eie smal skootrekenaar uitgehaal. Hy het dit aan die Professor s'n gekonnekteer, en naarstiglik eers op een sleutelbord en toe die ander getik. 'n Paar sekondes later is die Professor se sleutelwoord ontsluit, en Jason het 'n soektog ingestel na die leêrs waarna hy op soek was. Die leêrs was ook met sleutelwoorde beskerm, maar hy sou vanuit sy koshuiskamer daarmee korte mette maak. Die belangrikste ding was om die leêrs van Saville se rekenaar af te kry. Terwyl hy die Professor se skootrekenaar vir homself gehad het, het hy 'n wurm geplant wat 'n portaal sou oopmaak waardeur hy indirek kon konnekteer van enige ander plek af sonder dat die niksvermoedende professor ooit sou weet. Dit was die tipe ding waarteen die gemiddelde rekenaarverbruiker met universiteitsverpligte brandmure geglo het hulle immuun is. Wat hulle nie geweet het nie, is dat die brandmure 'n direkte aanval van *buite* af verhoed het. Dit kon nie die verbruiker beskerm as die brandmuur self vanaf 'n interne bron in gevaar was nie.

Met die eindeksamenvrae en memorandumantwoorde vir die Ekonomievraestel reeds gekopieër en die Professor se rekenaar nou vatbaar vir Jason se onwelkome indringings, het die skraal

student uit die kantoor geglip en teruggekeer na die grasperke waar hy 'n koeldrank en 'n halfuur se sonskyn geniet het voor hy Pike weer by die kantien ontmoet het vir 'n sogenaamde "middagete".

Terwyl hulle by een van die olie-bespatte, tamatiesous-gevlekte plastiektafels in die area buite die kantien sit en kou het aan 'n toebroodjie en die opkomende opdrag vir rekenaarwetenskap bespreek het, het Jason se foon gelui.

"Ja?" het Jason geantwoord.

"Jason, tjom. Gaan dit goed?" het Reyno gevra. Jason het hierdie man ongelooflik slymerig gevind, en iets aan die manier waarop hy praat het altyd vir die jong student die idee gegee dat Reyno óf die feite opblaas om homself belangriker te laat lyk, óf sy storie meer aanloklik te laat klink. In ieder geval, enigiets wat Reyno gesê het moes volgens Jason nie sommer vir soetkoek opgevreet word nie.

"Jip, gaan goed." Jason het gewag dat die geslepe en manipulerende man die rede vir sy oproep verduidelik.

"Ek het 'n geleentheid waarin ek dink jy baie belang sal stel," het Reyno begin. Hy het altyd sy gesprekke met Jason op dieselfde manier begin. Die man was ongeneeslik. En vol stront.

"Luister, ek is op hierdie stadium nogal besig met opdragte en eksamens." Hy het sy gesig vir Pike getrek om te wys hoe verveeld hy is, en sy vriend het geglimlag en geknik.

"Watter eksamens?" het Reyno beswaar gemaak. "Ek weet jy sit seker met elke liewe een van die eksamenvraestelle veilig weggesteek op jou hardeskyf in daai rekenaar wat tans oor jou skouer hang."

Jason kon homself nie keer om oor sy skouer te loer na die swart sak wat deel was van sy uitrusting nie.

"Ja, okay. So ek is nie so besig nie, maar..." het Jason begin. Reyno het hom in die rede geval.

"Luister, ek weet ek het jou al in die verlede gevra om skelm kak aan te vang, maar jy gaan deel wil wees van hierdie een. Glo my. Hierdie een...is 'n groot vis."

"Hoe groot is die vis?" kon Jason nie help om te vra nie en het regop gesit. Hy het effens van Pike af weggedraai.

"Miljoene, my vriend. Miljoene. En ek het iemand met jou spesiale talent nodig." Hulle het nie snellerwoorde soos *kuberkraker* oor die foon gebruik nie.

"Wanneer?" het Jason gevra.

"Vandag. By Sandton City. Die Mugg & Bean. Ken jy die een? Kan jy vyfuur daar wees?"

Jason het na sy horlosie gekyk. Hy sou selfs 'n uur se fietsry voor die afspraak kon inpas, en die sleutelwoorde tot Prof Saville se eindeksamenvraestel ontsyfer.

"Seker. Hoekom nie." Selfs al was die afspraak nog een van Reyno se belaglike planne wat 'n mors van tyd uitdraai, sou hy 'n gratis vroeë aandete kry. Geen student sal so 'n geleentheid verby laat gaan nie.

Kry die res van die storie nou:

www.adam-alexander-author.com

https://www.amazon.com/dp/B08CS4QSZB